Sondag **13 Oktober**

**Skrifgedeelte: Psalm 118**

**Fokusgedeelte: Psalm 118:1-4, 29 (AFR83)**

**Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie**

Loof en getuig, want aan die Here se liefde is daar geen einde nie. Dit is wat op ’n uitermatige wyse vir ons in hierdie lofgedig navore kom. Hierdie Psalm begin deur die digter wat die gemeenskap, wat óns nooi om saam met hom die Here te loof (vs 1-4). Die res van die Psalm vertel vir ons dan die rede vir die skrywer se lofprysing.

Die Psalm was ook deur die volk gesing tydens die Pasga, waar die volk hulle bevryding uit Egipte herdenk. Ons sien dit baie mooi uitkom in vers 26-27 wat handel oor die een wat in die Naam van die Here kom. Dus die een wat die volk gaan kom verlos.

In die Nuwe Testament kry ons dan ook hierdie verwysing na die psalm, en na die een wat kom in die Naam van die Here. Ons lees in Matteus 21:9: “Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel!”

In ons Here Jesus Christus trek die liefde van God ten diepste saam. Hy is die Een wat in die Naam van die Here gekom het om ons, sy kinders, te red. Hierdie reddingsdade van die Here is die grootste bewys dat daar aan sy liefde geen einde is nie. Daarom kan ons ook getroos lewe hier op aarde, te midde van groot verdrukking of hartseer met die wete: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.

Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.

*Sing: Psalm 118-1:1, 2*

*Ds. ID (ID) Nagel (Uitschot)*